**30 Augustus**
**Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-9**
**Fokusgedeelte: Jesaja 42:3**

**Die gebrokenes en nutteloses maak Hy heel**

As ons kyk na wat hier staan, dan merk ons op dat daar reeds 'n treurige toestand bestaan voordat God genoem word. 'n Geknakte riet is nie meer nuttig nie, 'n smeulende lamp is net nog 'n irritasie. Dit geld ook die sondevervalle mensdom – geknak en amper dood, nutteloos en nie in staat om iets te doen om die toestand te verbeter of te verander nie.

Tog, ondanks hierdie verwaarloosde, nuttelose toestand, moet ons ook raaksien dat die riet nét geknak en nié gebreek is nie, terwyl die lamp nog smeulend en nie dood is nie. Iets het oorgebly wat op die moontlikheid van herstel dui.

Ja, ten spyte van ons sondeverwronge toestand, gryp ons liefdevolle God in en genadiglik bring Hy herstel. Deur Christus se versoening (Matt 12:20) en die kragtige werking van die Heilige Gees kry die gevalle en bykans lewelose mens nuwe krag en lewenslus om weer te begin, om regop te groei en helder te brand.

As jy voel asof die lewe nutteloos geword het, jou uithouvermoë en kragte opgeraak het, dat jy wil handdoek ingooi, dan moet jy weet en onthou dat God steeds omgee. In stilte, verborge vir die mens se oog, verander God ook.

Sonder enige werk of verdienste van jou kant, suiwer uit sy grenslose genade, uit sy oneindige liefde en deernis VIR JOU, sal God ook JOU weer ophelp en lewenskrag gee om die lig van die evangelie helder te laat brand en so sy wil bekend te maak.

*Sing: Psalm 107:1,10 Ds PG Geertsema (Pretoria-Oos)*